

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 186

(April 1984)

Jesus Spreek Salig

"Salig is dié . . ."

* * * * *

"Wees bly en verheug, want julle loon is groot in
die hemel . . ." (Mat. 5:12)

Die Saligsprekinge

Jesus op die berg

"Toe Jesus die menigte sien, het Hy teen die berg opgegaan . . . en hy het hulle geleer".

Hy gaan spesiaal sit, want Hy het iets gewigtigs om te sê aan die skare wat van oral saamgekom het, op soek na verlossing uit hulle nood.

Só skep Jesus self die geleentheid om Sy leraarswerk in die openbaar te begin. Tot dusver het Hy nog net in stilte in die sinagoge onderrig gegee, maar nou kies Hy die Galilea-berg as preekstoel vir Sy bergpredikasie.

Juis hier in Galilea, wat a.g.v. heidense invloed sedelik baie diep gesink het en godsdienstig nog baie onkundig was, tree Jesus op as die Groot Leraar.

Twee berge

Onwillekeurig dink ons hier aan 'n ander berg, Sinaï, vanwaar God ook gespreek het toe Hy voor die ore van die volk Sy heilige wet afgekondig het. Dáár in die woestyn het God deur Moses Sy wet teen elke wetsoortreder laat afkondig met 'n ernstige waarskuwing van Sy vloek.

Maar hiér in Galilea op die berg, spreek God deur Jesus die Middelaar van die genadeverbond, woorde van seën en genade tot 'n menigte mense waaronder ook tollenaars en sondaars, armes en ellendiges.

Die grondwet van die koninkryk

Tog was dit geen ánder wet nie, maar basies nog dieselfde wet van Sinaï, steeds gebaseer op die grondbeginsel van die liefde.

In 'n agtvoudige "geseënd is . . ." spreek Jesus Hom veral uit teen skyngehoorsaamheid van die wet.

Aan 'n skare vermoeides en belastes hou Jesus die grondwet van die koninkryk van die hemele met al sy heerlike beloftes voor.

Daarin verklaar Hy op 'n agtereenvolgende wyse dat die mense wat volgens wêreldse maatstawwe as ongelukkig beskou kan word, juis geseënd is.

Die wêreld in nood

Hier spreek die Groot Leermeester tot 'n wêreld wat kwyn in geestelike armoede aan Sy voete:

- 'n wêreld wat vandag des te meer behoefte het aan seën en ware geluk,
- 'n wêreld wat ongelukkig self te veel praat en God daarom nie meer hoor praat nie,
- 'n wêreld wat wil hê dat God immer op sy woorde moet antwoord in plaas daarvan om op God se Woord te antwoord, en hom te laat leer deur God se Woord!

Navolging van Christus

Dit is juis opvallend dat ons in vers 1 lees dat die dissipels na Jesus toe gekom het.

So is dit mos.

Die wêreld sal nie eerste gaan nie.

Die dissipels — jy en ek — moet dit doen.

Dit beteken dat jy baie dinge sal moet prysgee; ou verkeerde ingewortelde gewoontes sal moet afsterf; jou eiesinnigheid moet laat vaar en jou deur Christus moet laat leer.

Christus wil jou leer en Hy wil tyd maak daarvoor. Sy leer is kragtig. Sy leer bring rus selfs te midde van 'n menigte mense.

Andermaal sit Hy bó die menigte. Hierdie keer aan die regterhand van Sy hemelse Vader. Hy roep: Kom na My toe almal wat vermoeid en belas is.

Die steil pad

Gaan daarom vandag nog in gehoorsaamheid na die voete van Jesus.

Die pad daarheen is die gebed. Dis wel opdraand. Dis berg-uit.

Dis selfs moeilik om weer kerk toe te gaan veral as jy lanklaas daar was.

Maar gaan, en gaan luister na Hom:

- om daar saam met medegelowige die seën en genade van God te ontvang;
- om daar die gewisse beloftes van God se Woord te hoor, en
- om opnuut verseker te word dat jy burger is van die hemelse koninkryk waarvan Jesus ons vertel,
- om opnuut verseker te word dat jy kind is van God om Christus wil.

Dissipel-wees

Daar by Jesus vanaf die berg sal jy ook makliker die groter menigte mense raaksien wat nog nie na Jesus gekom het nie. En as jy eers eenmaal die beginsel van die ewige saligheid aan Christus se voete leer ken het, kan jy mos self — hoe gering jy ookal voel — 'n dissipel wees wat soos Andreas, ander na Jesus toe lei.

Jesus — die Enigste persoon wat mense salig kan spreek omdat Hy die enigste Saligmaker is!

— ***Dr. Daan Fouché***

Salig is die wat arm van gees is

Jesus het met Sy reise deur die stede van Palestina begin. Die daeraad wat die koms van 'n nuwe dag aankondig was besig om aan te lig:

Siekes word genees

Duiwels word uitgedryf

Hongeriges word gevoed

Die skares wat dit alles gesien het, was oorweldig. Die verwagting van die Koninkryk van God het hulle oorweldig. Onder hierdie omstandighede het Jesus dit goed gedink om Sy dissipels onderrig te gee oor die karakter van die Koninkryk van God. Hy het hulle gelei na die Galilese berglandskap en daar het Hy op 'n sekere plek gaan sit. Die Messias — Koning gaan nou Sy troonrede uitspreek.

Om hierdie troonrede te verstaan moet ons onself eers afvra: “Wat het die skare verwag om te hoor?” Gewoonlik as 'n Joodse leraar voor sy dissipels gaan sit het, dan het hy 'n hele reeks lewensreëls, afgekondig: “As julle, julle aan hierdie reëls of gebooe hou en dit doen, dan sal julle die Koninkryk van God binnegaan.” Daarom kan ons sonder twyfel sê dat die dissipels daardie dag verwag het om nuwe lewensreëls te hoor, nuwe eise wat swaar is om te vervul. So het al die godsdienstige leraars van die wêreld begin. Confucius, Buddha en Mohammed het almal lewensreëls afgekondig en gesê: “as julle dit of dat doen sal julle die saligheid ontvang.” Maar Jesus het, toe Hy Sy mond oopmaak om Sy dissipels te leer, begin met die woordjie: “Salig” of “Geseënd.” “Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die Koninkryk van die hemel . . .”

Hierdie Saligsprekinge van Jesus klink soos die klokgelui van bevryding! Hy begin nie met die wet nie, maar met die Evangelie. Jesus stel die Koninkryk van God nie aan die einde van die weg van wetsvervulling nie. Die Koninkryk van God is nie toekomsmusik nie. Dit is reeds hier en dit word gratis geskenk aan die wat arm van gees is!!

Maar wie is die armes van gees?

Die armes van gees is hulle wat nie die minste vertrou meer het in hulle eie deugde, vroomheid en mag nie.

Die armes van gees is hulle wat weet dat hulle in hulself verlore is. Dit is hulle wat geen ander uitweg sien, as om die hand uit te steek na God met die bede: “O God, wees my arme Sondaar genadig” nie.

Hierdie armoede ontvang 'n mens eers as jy met Jesus in aanraking gekom het. As jy iets van Sy heiligheid, van Sy liefde, van Sy trou, van Sy reinheid gesien het, dan merk jy eers op hoe arm, hoe straat-arm jy is.

Daar bly uiteindelik vir jou niks anders oor as om saam met Luther te bely dat ons soos bedelaars voor God is nie.

Hierdie armes van gees, spreek Jesus Salig — En waarin bestaan die saligheid? Dit bestaan daarin dat die armes van gees deel mag kry aan al die skatte van die Koninkryk van die hemele. En dit beteken eenvoudig dat die armes van gees aan Jesus behoort en alles van Hom ontvang wat Hy wil skenk; die vergewing van sonde, die vernuwung van die lewe, die sekerheid van die toekoms.

Die woord "Salig" kan ons nie losmaak van Jesus nie. Hy maak al die saligsprekinge waar. Die saligsprekinge is Jesus se kruiswoorde. Dit is waar dat die bergrede Jesus se troonrede was, maar die troon van hierdie Koning was 'n kruis. Hy wat ryk was het arm geword terwille van ons om ons deur Sy armoede ryk te maak.

Hy wat gedeel het in die vreugdevolle heerlikheid van die Vader, het 'n treurende geword

sodat ons vertroos kan word.

Hy, die Regverdige, het 'n hongerige en 'n dorstige geword, sodat Hy ons regverdig kon maak.

Deur Sy sterwe en opstanding het Hy die Saligsprekinge waargemaak.

In Hom het die Koninkryk van die hemele gekom, en nou mag ons binnegaan as arme, geringe, hulpelose mense.

Hier by Jesus word rykes weggestuur en armes word ryk gemaak.

Dit is die blye wetenskap waarvan Luther gepraat het toe hy uiteindelik verstaan het dat hy nie deur goeie werke die Saligheid hoef te verdien nie, maar dat dit uit genade aan ons gegee word.

Wat maak u met so 'n geskenk? U gaan dit aanneem, nie waar nie? Dit is geloof!!

Ds. C. Hattingh (Snr.)

Geseënd is die wat treur . . .

"Geseënd is die wat treur, want hulle sal vertroos word — " só sê ons Here Jesus Christus in Mat. 5:4.

Geen mens se lewe is net vol voorspoed en vreugde en geluk nie. Onvermydelik kom daar ook die terugslae en teleurstellings, die moeite en mislukkings, die smart en verdriet.

Die beproewings en die swaarkry van lewe en dood laat 'n mens soms heeltemal gebroke en verslae, en dan treur ons.

Die wat treur sal vertroos word, sê Jesus. Maar dit beteken nie dat Hy *alle* droefheid en *almal* wat treur sonder uitsondering met Sy vertroosting tegemoet sal kom nie. Ons moet in gedagte hou met wie *Hy* hier praat. Hierdie woorde word gerig tot navolgers van Christus, tot mense wat hulle versterking en vertroosting by Jesus kom soek het, tot gelowiges wat geleef het in die lig van genade van die koninkryk van *God*.

Met ander woorde, die gelowige wat treur sal vertroos word. Maar die droefheid van die ongelowige, die smart en leed van die wêreld wat nie tot God reik nie, dit is 'n droefheid sonder God en sonder Christus en sonder hoop. Só 'n droefheid is alleen maar selfbejammering en loop uit op wanhoop en vertwyfeling. *So 'n droefheid bly ongetroos.*

Diegene wat egter gelowig treur,

- die droefheid waarin die mens die bystand van God in Christus soek,
- elkeen wat hom in sy smart verootmoedig en wend tot die God van alle vertroosting,

hulle word deur die Here ryklik vertroos.

Want wie só treur, sien dinge in ewigheidsperspektief, en weet dat die leed en verdriet van die lewe nie die laaste woord spreek nie, maar dat God alles ten goede laat meewerk vir die wat Hom liefhet.

Wie so treur, staar hom nie blind teen sy sorges en kwellinge nie, en versink nie onherroeplik in die dieptes van moedeloosheid nie, en ook nie in terneergedruktheid nie, maar hy plaas sy droefheid in die hande van God, by Wie daar uitkoms is.

So treur die kinders van die koninkryk van God. Hulle treur met God en hulle treur in Christus.

En vir hulle geld die woorde van die Here Jesus: "Geseënd is die wat treur, want hulle sal vertroos word."

Christus self is immers ons enigste troos en waarheid. Ons verbondenheid met Hom troos oneindig meer as die eis van ons nood. Die feit dat ons Sy eiendom is, gee ons die waarborg dat *Hy* al ons leed op Hom neem en dat *Hy* dit reeds gedra het tot aan die kruis en ook in die graf.

En so mag elke kind van God gelowig treur, hoopvol treur, geseënd treur.

Ons droefheid gaan nie by God verby nie. Hy aanskou dit!

Hy buig Hom in ontferming oor ons neer deur Jesus Christus!

En deur Sy Heilige Gees word ons waarlik vertroos soos geen mens kan troos nie!

Ds. Pieter van der Walt.

"Salig is die Sagmoediges . . ."

(Mat. 5:5)

Daar is nie een mens op die aarde wat kan sê dat hy of sy van nature sagmoedig is nie. Jy kan nie uit jouself en deur jou eie toedoen 'n sagmoedige wees nie.

Jy moet sagmoedig gemaak word. Teen jou eie natuur in, moet God jou *omskep* om sagmoedig te wees. In Gal. 5:22 word uitdruklik gesê: "Die vrug van die Gees is . . . sagmoedigheid . . ."

Hoe lyk 'n sagmoedige

In Christus het ons die volmaakte voorbeeld van 'n sagmoedige. Hy sê in Mat. 11:29: "Neem My juk op julle en leer van My, want *Ek is sagmoedig* en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele". As jy dus 'n sagmoedige wil wees, moet jy in navolging van Christus lewe. Ons word in Fil. 2:5 daartoe geroep: "*Dieselfde gesindheid* moet in julle wees, wat daar ook in Jesus Christus was."

Die roeping van die gelowige kom in hierdie verband na vore in 1 Pet. 2:2: "Juis hiervoor is julle geroep, omdat Christus self vir julle gely en vir julle 'n *voorbeeld* gestel het, sodat julle in Sy voetspore kan volg."

Om sagmoedig te wees, daartoe word jy deur die Heilige Gees bekwaam gemaak.

Praktiese sagmoedigheid

Om sagmoedig te wees beteken nie om 'n ruggraatlose lamsak te wees en 'n papperd wat jou deur elke wind van verandering van opinie laat verander nie.

- Om sagmoedig te wees is om, sonder om 'n haarbreedte van die waarheid af te wyk, in alle nederigheid in die voetspore van Christus te loop.
- Jy is sagmoedig as jy in die praktyk van jou lewe Fil. 2:3, 4 uitleef: "Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. Julle moenie elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan die van ander."
- Jy is sagmoedig as jy jou wil laat ombuig deur God om te strook met Sy wil.
- * 'n Mens kan alleen sagmoedig wees as jy erken en besef hoe arm en ellendig jy voor God is.
- * 'n Mens kan alleen sagmoedig wees as jy treur oor jou sonde, en as jy daarvoor hartseer en berouvol is voor *God*.
- * Eers as jy 'n ware beeld van jou nietigheid het, sal jy sien dat jy geen rede het tot bombasme en brutaliteit nie, dat jy geen rede het om jouself iets aan te matig nie. *Maar* dan sal jy sien dat jy genoeg rede het om in ootmoed en nederigheid voor God en jou naaste te lewe.

Die sagmoediges beërwe die aarde

Volgens God se Raadsplan is die aarde bestem vir die sagmoediges. Die duiwel en die goddelose word uitgewerp in die buitenste duisternis.

Christus sal sorg dat die aarde in besit gestel word van sy eintlike en regmatige besitters. Die sagmoedig gemaaktes is die werklike en wettige erfgename van die nuwe aarde. Die gelowiges gaan die nuwe Jerusalem bewoon.

En let wel: Hulle erf dit. Volgens God se testament is die aarde wettig aan die sagmoediges bemaak. Die sagmoediges het 'n ewige skat in die hemel, 'n ewige blyplek in die nuwe Jerusalem en 'n erfenis wat nie van hom af weggeneem kan word nie.

"Salig is die wat stil-sagmoedig hier geen hoogheid wil verwerf, want 'n aarde sonder moeite, nuut-herbore, sal hul erf." (Skribberyning 16:3)

Ds. A. H. Grové

Hongeriges en Dorstiges . . . word versadig.

Hierdie vierde saligspreking lui: "Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word."

As 'n mens net vir 'n oomblik oordink wat God van jou eis in Sy Woord en wet, dan sak jy neer in diepe skuldbesef:

- God eis liefde . . . jy haat
- God eis geen afgode . . . en dit wemel in jou lewe
- Hy eis respek vir *Sy Naam* . . . jy misbruik dit
- Hy eis die onderhouding van die Sondag . . . en jy weet nie hoe lyk 'n kerk van binne nie
- Hy eis gehoorsaamheid aan gesag . . . maar jy doen wat jy wil
- Hy eis geen doodslag . . . maar almal leef in vrees
- Hy eis geen egsbreuk . . . maar egskeiding neem toe
- Hy eis geen diefstal . . . maar jy verryk jou deur oneerlikheid en dobbel
- Hy eis geen valsheid . . . maar jy lieg en bedrieg.

Elke mens: *staan diep skuldig!*

Maar weet jy . . . nou kom God deur Sy Heilige Gees en *Hy* maak jou lus om goed te doen. Hy maak jou honger en dors na Sy geregtigheid. Want geregtigheid beteken juis die gehoorsame nakom van God se Woord en wet, en 'n honger en dors daarna. Jy smag daarna! Dis 'n verterende honger en 'n brandende dors. Ja, 'n honger en dors om jou verhouding met God reg te maak.

Kan 'n mens dit doen? Nee, geliefde Leser, géén mens kan dit uit *homself doen* nie. Daarom lees ons hier dat die hongeriges en dorstiges na God se geregtigheid, versadig sal word.

Sien jy, dis nie iets wat 'n mens verdien of verwerf nie,

- dis iets wat *geskenk* word;
- dis 'n gawe van God, onverdiend uit louter genade.

Ja, so gee God aan jou geregtigheid, so gee God aan jou die moontlikheid om reg te doen, Sy wet te onderhou en aan Sy Woord gehoorsaam te wees.

Hy gee dit aan die een wat verterend honger en brandend dors is na Jesus Christus se genade en liefde.

Is jy honger en dors daarna?

Dis tog sekerlik die sterkste begeertes en drange by enige mens, om honger en dors te wees. En vind jy nie gou kos en water nie, dan *sterf jy!*

Laat ons elkeen so verterend honger en dors, op soek wees na Jesus Christus.

Anders? Anders sterf jy *ewiglik*.

Maar word hierdie honger en dors versadig, dan sê Jesus:

Salig is jy!

Ds. Nico Ligthelm